Die konstante

Hierdie onderliggende struktuur kan verwoord word as konstantes. Konstantes verbind "Vorm-in-vorm" tot 'n eenheid. Dit is die natuurlike ritmes van realiteit. Die patroon van 'n regulerende entiteit is nie net sigbaar in die natuur nie, maar ook in die stedelike konteks. Konstantes dien as raamwerk vir verandering in alledaagse bestaan. 'n





Fig.10: Links onder, alle entiteite is verbind om die interafhanklikheid te illustreer (illustrasie: outeur).

Fig.11: Regs onder, illustreer die manier hoe tegnologiese progressie entiteite afsonder om dit te bestudeer en te beheer. Uiteindelik word die stelsel gefragmenteer (illustrasie: outeur)

Fig.12: Die toestand van verandering. Petri van Wyk. "Yesterday, today and tomorrow". grafiet op papier.



Snelweg kan as voorbeeld ter illustrasie gebruik word. Die padoppervlak lei die motors in 'n spesifieke rigting maar die bestuurder het steeds 'n keuse om van bane te verander. In die natuur word dit byvoorbeeld seisoenaal ervaar (die konstante verskaf riglyne vir verandering).

Fig.13: Die statiese/permanente konstante akkommodeer die dinamiese/sekondêre konstante (foto: outeur)



Die hedendaagse samelewing is voortdurend besig om te verander. Tegnologiese vryheid het 'n direkte bydrae tot hierdie konstante verandering (Bauman, 1994: 57). As realiteit (die konteks van "Vorm-in-vorm") nie saam met die hedendaagse samelewing verander nie, gaan dit uitgedruk



Fig.14: Die vervalte
toestand van die fort
by Daspoortrand aan die
Westekant van Pretoria
(foto: outeur)

word op ander maniere. Met ander woorde, nuwe kunsmatige realiteite gaan geskep word. Dit verg op sigself baie energie veral om 'n nuwe verhouding te vestig. Die gevolg is dat byvoorbeeld kultuurhistoriese terreine, soos die forte in en rondom Pretoria, vergete en vervalte word omdat daar nie meer 'n hedendaagse funksie of betekenis aan hul gekoppel kan word nie. Dus moet die konstante dien as riglyn vir dinamiek of verandering.

Vlakke van permanensie

As die konstante verandering akkommodeer, kan die konstante nie altyd permanent wees nie. Gevolglik bestaan daar vlakke van permanensie. Geboue kan verdeel word in verskillende vlakke van permanensie (konstantes). Hierdie vlakke word weerspieël in alle aspekte van die gebou, van die ruimtelike organisasie, struktuur, detail,




Fig.15: Petri van Wyk,
"Boomontwikkelaar",
2008. Hierdie projek
illustreer die idee van
vlakke van permanensie
deurdat die struktuur in
vlakke van tydelikheid
opgedeel is. Die konsep
is gekommunikeer deur
die materiale wat in
sekere dele gebruik is
(foto's: outeur).

die konstruksieproses, selfs die organisering van die konstruksie- en/of instandhoudingspan. Die eerste vlak van permanentheid het die sterkste verhouding met die natuur/realiteit omdat dit daarvan afgelei is. Die vlak (van verandering) van konstante word bepaal deur hoe gereeld die struktuur verander. Argitektuur verweselik die konstantes (permanentheid) of die raamwerk om ontasbare uitdrukkings (soos byvoorbeeld taal) of realiteite vorm te gee en te lei tot 'n patroon wat die eienskappe van die spesifieke samelewing duidelik te kommunikeer. Dit is dus die ontwerper se plig om dié konstantes in realiteit of in die "chaos" (onmiddellike omgewing hetsy fisies of metafisies) te identifiseer en te artikuleer. Die basiese eienskap van kunsmatige ruimtes is, volgens Norberg-Schulz (1996: 418), om die bekende (aspekte van "Vorm-in-vorm") te vergader en te konsentreer. Ruimtes het openinge wat met die omgewing verbind (horisontale verbinding). Verder verbind geboue met die omgewing deur op die aarde te rus en die hemel (vertikale verbinding) in te toring (Norberg-Schulz, 1996: 418).

Argitektuur van realiteit

Vir die ontwerper om die eienskappe van die konteks te versamel en te artikuleer in vlakke van konstantes (vlakke van permanensie), moet hy/sy bewus wees van die sterkste vorm van konstante. Hierdie (die rouste vorm van realiteit).

Realiteit verteenwoordig die proses wanneer alle konvensionele assosiasies deursigtig word wanneer 'n voorwerp bestudeer word. Hierdie ervaring word dan ook deur Benedikt (1985: 4) beskryf as "...the direct experience of the real". Wells (1999:28) interpreteer hierdie argitektuur van realiteit as 'n *gentile architecture*. Die gebou se verbintenis met die onmiddellike omgewing word die essensie (Wells, 1999: 28). Bouvalle illustreer hierdie verbintenis met die natuur die sterkste omdat dit uiteindelik weer deel van die natuur vorm. Ruïnes herinner die toeskouer dat die mag van die natuur (realiteit) sterker as die menslike beskawing is (Harbison, 1991: 111 - 112).

Volgens Theron (2006: 59) is bouvalle so aantreklik omdat dit 'n roue realiteit aan die toeskouer kommunikeer.

Benedikt (1985: 39) het vier eienskappe geïdentifiseer wat realiteit die beste kommunikeer, genaamd "Die vier punte van 'n argitektuur van realiteit". Die vier punte is *presence*, *significance*, *materiality*, en *emptiness* en is belangrik in die ontwerpproses (Benedikt, 1985: 39).

'n Gebou met *presence* of teenwoordigheid vestig homself as 'n gebou, binne 'n sekere konteks, met buitengewone eienskappe. Teenwoordigheid word bereik deur goeie gehalte bouwerk wat gepaard gaan met duursaamheid en goeie vakmanskap (Benedikt, 1985: 36). Hierdie geboue se materiale kommunikeer sy eienskappe eerlik. Alhoewel geboue met teenwoordigheid trots kan wees, behoort hierdie tipe geboue steeds 'n omgewingsbewuste oplossing te bied. In wese vorm die gebou deel van die omgewing met horisontale



Fig.16: Claes Oldenburg se reusagtige onderstebo roomys wat hy vir Park Avenue, New York voorgestel het, is 'n komiese voorbeeld van 'n monument waar die toeskouer en die voorwerp op mekaar reageer wat die boodskap soveel meer betekenisvol maak. (Harbison, 1991: 57)

en vertikale (trotsheid) verbindings.

Significance of betekenis voer 'n bestaan deur formele tydloosheid. Tydloosheid is moontlik as dit menslike en natuurlike geskiedenis (erfenis) duidelik kommunikeer en weerspieël (Benedikt, 1985: 40). Betekenis het meer waarde as dit deur die uiteindelijke gebruikers bepaal word. Geboue wat vreemd in betekenis is vir 'n bepaalde gemeenskap word gewoonlik gevandaliseer. (Benedikt, 1985: 40)


Wanneer materiale ander materiale naboots word hul van hul stoflikheid (*materiality*) beroof. Hierdie aanwending van materiaal verteenwoordig 'n kunsmatige realiteit. Koste is egter dikwels 'n bepalende faktor in die keuse van sogenaamde "natuurlike materiale". Benedikt (1985: 48) stel voor dat materiale se inherente eienskappe eerlik gekommunikeer moet word. Hierdie eienskappe kan die strukturele vaardigheid, tekstuur, vervaardigingsprosesse, visuele karakter asook kunsmatigheid insluit.

Fig.17: Casper Friedrich se "Abbey in an Oak Forest". Die murasie is "leeg" wat toelaat dat die mure, bome en omliggende omgewing saamsmelt. Die murasie word deel van die natuur (Harbison, 1991: 113).



Verlatenheid of *emptiness* is die belangrikste komponent van realiteit volgens Benedikt (1985: 54). Dit is juis hierdie eienskap wat die mens se belangstelling in bouvalle prikkel. Die meeste kontemporêre geboue het 'n tekort aan hierdie eienskap omdat die ruimtes en fisiese geboue letterlik (en figuurlik) te vol is (Benedikt, 1985:54). Hierdie ruimtes is gevul met mense, kommersiële kuns, kunsmatige suurstof, kunsmatige lig, kunsmatige plante, advertensies, kleure, klanke en ander kunsmatige realiteite. Volgens Benedikt (1985: 60) is dit so vol dat daar nie meer plek vir die gebruikers (of realiteit) is nie. Daarteenoor is 'n leë gebou nie die ondergeskikte van die program nie (Benedikt, 1985: 60). Hierdie niksbevattende geboue word steeds gevorm deur die natuurlike beginsels van orde, struktuur, geskiedenis, tyd en intuïsie. Louis Kahn verwys na intuïsie as *feeling* (Tyng, 1984: 27). Tydens die intuïtiewe ontwerpproses word die bestaande elemente gebruik as ontwerpgeneroerders. Leegheid/verlatenheid verskaf geleenthede aldus Benedikt (1985: 52). 'n Leë gebou verteenwoordig 'n eerlike organisasie met eenvoudige oplossings tot funksionele probleme.

Fig.18: Foto's wat die flietsende oppervlaktes (tydelike konstantes) in Kowloon illustreer (FAT, 2002: 105).




Verwringing van realiteite

Die konstante veranderinge binne die hedendaagse tegnologiese samelewing vereis dikwels dat realiteit verwring word deur die vlakke van permanensie (van die konstante). Die graad van permanensie is uiteindelik tydelik a.g.v die tempo van hedendaagse verandering. Konteks word gevolglik ervaar as 'n kunsmatige realiteit. Op dít manier verloor die konteks betekenis. Bykans alle aspekte van 'n argitektuur van realiteit raak verlore in die mengelmoe van flietsende oppervlaktes (tydelike konstantes). Die gebruiker word vervreem van die konteks omdat die visuele sintuig oorgestimuleer word. Gebruikers het dus toeskouers van geboue geword. Die gebou het die kunstobjek geword.

Fig.19: Die konsepsiedigram wat illustreer hoe die konstantes realiteit verwring. Let op die graad van konstante – die lengte van die lyne wat die oorspronklike foto verwring (illustrasie: outeur).

"... the work of architecture was socially transformed through the agency of the press; what was essentially a professional service rendered to a client (who thereafter possessed the building) now began to become an art object" (Colomina, 2002: 216).

Die publiek het toeskouers geword van hul alledaagse bestaan. Die samelewing is oppervlakbehep. Matthias Hollwich het by die Argitektuur Studentekongres van 2007 beweer





dat die huidige status van argitektuur beskryf kan word as Brandism (Ackerman, 2008: 38). Argitektuur akkommodeer 'n tyd van advertensies, mediane (tussen-in leemtes), leefstyl tydskrifte, 250 televisiekanale en miljoene handelsmerke (Rattenbury, 2002: 206).

Konsep – Die kommunikasie van betekenis

Volgens FAT (2002: 247) het die wêreld 'n oorfloed van alles. Dit is nie meer die hardeware wat van waarde is nie, maar die kommunikasie van idees/betekenis of die ervaring daarvan (FAT, 2002: 247). Om verwarring van betekenis te voorkom, behoort daar gelet te word op die kommunikasieproses.

Funksionele gebruik vorm dikwels die ontwerp fokus, gevolglik word ruimtes geabstraheer (Berry, 1993: 177). Kuns verwring ook realiteit om 'n onderliggende boodskap te kommunikeer. Soms word 'n bekende beeld of aspek van realiteit selfs gebruik as 'n sosiale kontrak (Broadbent, 1969: 53). Hierdie proses kanaliseer die toeskouer se aandag na die kunsmatige realiteit. Op dieselfde wyse behoort argitektuur die fisiese ervaring van die gebruiker te toets deur hom/haar bewus te maak van sy/haar alledaagse bestaan. Argitektuur word dus verwring om die pragmatiese (funksionele) aspek van die alledaagse lewe te akkommodeer. Daar moet dus gepoog word om 'n balans tussen dié twee aspekte te bewerkstellig in enige ontwerpvoorstel.

Argitektuur behoort nie 'n statussimbool te wees wat gebruik word om mense mee te beïndruk nie (Back, 2005: 28). Argitektuur artikuleer die alledaagse bestaan van die mens, of die kenmerke van realiteit in die ekosisteem. In die ekosisteem is daar individue, maar die een kan nie sonder die ander nie ("Vorm-in-vorm"). Die entiteit wat verantwoordelik is vir hierdie interafhanklikheid is die konstante wat orde skep en dus as die gemeenskaplike faktor in die vergelyking optree. Die konstante dien as raamwerk waarvolgens daar verander kan word.

Alles verander nie volgens dieselfde tempo nie, maar volgens grade van permanentheid (sien figuur 15 "Boomontwikkelaar" wat as voorbeeld kan dien). Hoe

Fig.20: Links en onder, Petri van Wyk, "JP toe hy 32 jaar oud was", akriel op hardebord, illustreer die proses van die kommunikasie van betekenis.








Fig.21: Links en onder, Petri van Wyk, "JP toe hy 32 jaar oud was", akriel op hardebord, illustreer die proses van die kommunikasie van betekenis.



vinniger mens verander/beweeg, hoe minder inligting word ingeneem omdat dit verwring/geabstraheer word deur spoed. Verwringing belemmer egter enige verwysing/verband met die verlede/tradisie. Daar behoort dus gepoog te word om 'n balans te handhaaf tussen die verskillende grade verwringing.





Parti-diagram

Die *parti*-diagram van 'n ontwerp verteenwoordig 'n gereduseerde beeld van 'n subjektiewe ontwerpoplossing. Louis Kahn (aangehaal deur Porter, 2004: 108) is van mening dat 'n goeie argitektoniese oplossing in 'n minimum van tien lyne opgesom behoort te word. Die *parti* illustreer die basiese organisasie van 'n argitektoniese meganisme deur 'n vereenvoudigde skematiese voorstelling (Porter, 2004: 108).

Hierdie dissertasie word opgesom deur 'n illustrasie van die verwronge beeld van die fortifikasies van Pretoria. Die verwrongde beeld is deur verstedeliking veroorsaak (van Vollenhoven, 1995: 17). Effektiewe kommunikasie van hierdie verwrongde beeld geskied deur 'n proses. Die proses is die roete tussen die fortifikasies. In die proses word bekende, hedendaagse ervarings (stap, fietsry, busry, slaap, eet, swem en drink) gebruik om die funksie en posisie van die fortifikasies effektief te kommunikeer.

Fig.22: Die parti-diagram illustreer die uitsig vanaf die *Eastern Redoubt*, Strubenkop (illustrasie: outeur).



Hoofstuk 3

Konteks

verhandeling verwys verwys die term na 'n stelsel van gefortifiseerde strukture.

In die tweetalige woordeboek: Groot Woordeboek (Cronjé, Kritzinger & Schoonees, 1977: 869 – 1051) word die volgende definisies verskaf:

- 'n VERSTERKING is 'n bolwerk of vesting en verwys na 'n fort;
- 'n LOOPGRAAF is 'n verskansing of 'n inbreuk en dien as 'n beskermende muur;
- 'n BLOKHUIS is 'n fort of fortifikasie;
- 'n FORT is 'n vesting, skans of 'n versterking.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende definisies gebruik:


- 'n VERSTERKING verwys na 'n gefortifiseerde gemeenskap met permanente militêre teenwoordigheid wat vir 'n sekere tydperk onafhanklik kan funksioneer terwyl dit onder aanval is. Bestaande geboue en strukture is dikwels gefortifiseer om die gemeenskap beskerm.

Fig.24: 'n Versterking
(illustrasie: outeur).




- 'n Loopgraaf is 'n muur of uitgraving waaragter soldate kan weggroep wat dus beskerming bied. 'n Loopgraaf dien as drumpel om 'n aanval te verweer.

Fig.25: 'n Loopgraaf
(illustrasie: outeur).



- REDOUBT verwys na 'n kleiner versterking van 'n fort en vorm dus deel van 'n groter fortifikasieplan.

Fig.26: 'n Redoubt.
(illustrasie: outeur)



- 'n BLOKHUIS is 'n klein, onafhanklike fort of waghuis.



Fig.27: 'n Blokhuis.
(illustrasie: outeur)

- 'n FORT is 'n permanente verdedigingstruktuur wat homself onafhanklik vanuit 'n afstand kan verdedig. 'n Fort gebruik dikwels van die bogenoemde tegnieke in kombinasie om te bewaak.






Fig.28: 'n Fort
(illustrasie: outeur).

Fig.29: Die historiese
fortekaart van Pretoria
(illustrasie: outeur).

- FORTIFIKASIE is 'n stelsel van verdedigingspunte wat saamwerk om 'n dorp/stad te verdedig.



Vervolgens word die fases van die fortifikasie van Pretoria beskryf. Die historiese gebeure voor die fortifikasie word gebruik om die konstruksieproses te illustreer.



Die eerste fortifikasie van Pretoria (1880 - 1881)

Aqtergrond

Brittanje wou die swakker state van Suidelike Afrika saambind in 'n Britse federasie. Hierdie stap sou voorkom dat die twee Boere-republieke, die ZAR en die Oranje Vrystaat (OVS), te onafhanklik word. Verder wou Brittanje 'n roete na die noorde open, met die doel om met die binneland van Afrika handel te dryf. Die Boere Republieke was egter gekant teen die idee van 'n federasie. Brittanje se plan was om die swakker Transvaalkolonie (ZAR) te beset. Dit sou die oproerige Zoeloes sowel as die OVS omring deur Britse besetting, spesifiek: die Britse Natal Kolonie aan die ooste; die Britse Transvaal Republiek aan die noorde, en die Britse Kaap Kolonie aan die suidekant. Die OVS sou dus geen keuse hê as om by die federasie aan te sluit nie (Pretorius, 1998: 7-8).

Tyd het egter uitgeloop vir Brittanje se plan, veral gesien in die lig van President Burger (president van die ZAR)

Fig.30: Gedurende die eerste fortifikasie van Pretoria is die volgende fortifikasies gebou:

- 1 - Fort Royal
- 2 - Fort Commeline
- 3 - Fort Tullichewan
- 4 - Convent Redoubt

(illustrasie: outeur)




Fig.31: 'n Kaart wat die Britse kolonies aandui wat die Boererepublieke feitlik omring (Pretorius, 1998: 6).

se spoorwegplan om die ZAR meer ekonomies en polities onafhanklik van Brittanje te maak. Die ZAR was egter, volgens van Vollenhoven (1995: 28), bankrot; het gesukkel om hulself te regeer; en het 'n swak verhouding met die Afrikavolke in die omgewing gehad. Verder was daar ook heelwat Britse burgers (soos die goud prospekteerders) in die Republiek (ZAR) teenwoordig (Pretorius, 1998: 8).


Die gevolg was die anneksasie van die ZAR op 12 April 1877, om 11:00, sonder dat 'n enkele skoot afgevuur is (Lee, 1985: 22). Die Boererepubliek sou vorentoe bekend staan as die Britse Transvaal Kolonie. Die Boere het teen die besetting geprotesteer (gelei deur Paul Kruger) en 'n poging aangewend om buitelandse hulp te verkry. Die Boere het egter te min manskappe en ammunisie gehad om hulle teen die groot Britse mag te verset. Die Transvalers was ook skepties of hul op enige hulp van die buiteland kon staatmaak. Die Boere se vreedsame protes pogings was egter nie geslaagd nie, en militêre aksie het, as laaste weerstandspoging, begin (Lee, 1985: 26).

Die Britse forte tydens die Eerste Anglo Boere Oorlog (1880 – 1881)

Verskeie gewelddadige skermutselings tussen die Boere en die Britte het plaasgevind. Die eerste oorlogskote is geskiet, toe Boeretroepe (onder leiding van Kommandant P.A. Cronjé) die Britse fort in Potchefstroom aangeval het. Dorpe wat deur die Boeretroepe aangeval is, was Pretoria, Standerton, Wakkerstroom, Lydenburg, Rustenburg en Marabastad (naby hedendaagse Polokwane) (van Vollenhoven, 1995: 29–30).

Die omliggende berge kon genoegsame beskerming bied vir die klein dorpje van Pretoria in 1880. Daspoortrand aan die weste en die *Timeball* Heuwelreeks aan die suide het Pretoria beskerm. Die Britse owerhede het nie verwag dat die Boere enige weerstand sou bied nie en is heeltemal onkant gevang met die nuus van die nederlaag naby Bronkhorstspruit op 20 Desember 1880 (van Vollenhoven, 1995: 31). Voorbereidingsmaatreëls is getref om die inwoners te beskerm en te beheer. Alle inwoners is verskuif na die militêre kamp langs die Heidelbergpad, aan die westekant

Fig.32: Gedurende die tweede fortifikasie van Pretoria is die volgende fortifikasies opgerig:
 1-Fort Klapperkop
 2-Fort Schanskop
 3-Fort Wonderboompoort
 4-Fort Daspoortrand



Die Tweede fortifikasie van Pretoria (1896-1898)

Fortifikasieplan

Die aanval op Pretoria deur die Boere, het na 98 dae geëindig nadat die Vredesverdrag geteken is en die Boere weer Pretoria kon beset (Pretorius, 1998: 8).

Ploeger (1968: 12) staaf dat die *Jameson Raid* van 1895/96, tesame met die oproerige uitlanders in Johannesburg, gesien




Fig.33: 'n Tekening van een van Grunberg se geskuttorings met 'n totale hoogte van 8 tot 9 meter. Elkeen is voorsien van 'n Creusotsnelvuurkanon. (Ploeger, 1968: 19)

kan word as die hoofrede agter die ZAR se fortifikasie van Pretoria. Op Nuwejaarsdag 1896, het Kommandant D.E. Schutte, Kommandant-Generaal Piet Joubert versoek om die paaie tussen Johannesburg en Pretoria te patrolleer. Alle Kommandante van die Republiek is opdrag gegee om hul manskappe gereed te maak om Johannesburg te omsingel. Die situasie het opgevlam toe 'n geheime kaart van Pretoria in die kis van 'n Britse spioen, Kaptein Robert White, ontdek is (van Vollenhoven, 1995: 50).


Dit was dus duidelik dat die hoofstad van Pretoria gefortifiseer moes word. J.M.A. Wolmarans, gesteun deur Kaptein P.E. Erasmus, was verantwoordelik vir die fortifikasieplan (van Vollenhoven, 1995: 50). Die plan is opgestel deur gewese Franse artillerie offisier, Leon Grunberg (Ploeger, 1968: 14). Grunberg het gepantserde, draaiende en gekoepelde torings gewapen met artillerie, op strategiese plekke (Schanskop, Kwaggaspoort,

Daspoortrand, Magaliesberg-wes, Wonderboompoort, Derdepoort en Strubenkop), voorgestel. Hierdie strukture sou met elektriese soekligte die Johannesburg-pad snags bewaak. Leon Grunberg se planne was egter onaanvaarbaar omdat die torings nie genoegsame beskerming en behuising aan 'n groot getal soldate kon bied nie. Die planne van die twee Duitse ingenieurs, Otto Albert von Dewits en Heinrich C. Werner, is aanvaar omdat dit Pretoria nie net beter sou fortifiseer nie, maar ook kon dien as 'n basis vanwaar operasies teen die vyand uitgevoer sou kon word (van Vollenhoven, 1995: 51).

Die ligging van die forte is beïnvloed deur die Britse fortifikasieskema van 1880-1881. Daarvolgens sou Elandspoortrand, Schanskop en Klapperkop uitkykpunte wees om die suidelike toegang van Pretoria te beheer (Ploeger, 1968: 21). 'n Fort by Wonderboompoort sou die noordelike ingang bewaak. Die Britse Spioen, Kaptein Robert White, het die belangrike ingangspoorte by Wonderboom, Schanskop, Klapperkop, Daspoortrand en Magasynheuwel uitgelig. Schanskop sou die spoorlyne na Johannesburg en Lourenço Marques (Maputo) kon beheer. Gesamentlik sou Fort Wonderboompoort en Fort Daspoortrand die westelike toegang tot die stad beheer. Fort Derdepoort sou die paaie na die Soutpansberge en Middelburg (Mpumalanga), asook die spoorlyn na Lourenço Marques beheer (Ploeger, 1968: 25). Slegs vier van dié forte is uiteindelik voltooi, maar addisionele blokhuse is op Kwaggasrand en Strubenkop opgerig.

Die val van Pretoria

Die Boere het besef dat hulle die Britte moet verhoed om die ZAR te betree, eerder as om die Britse manskappe op eie grond te probeer verdedig (van Vollenhoven, 1995: 68). Die tekort aan wapens aan die grens, het dit nodig gemaak om alle wapens en manskappe vanaf die forte te verskuif na die voorpunt van die oorlog. Die forte is slegs deur een persoon beman en het hoofsaaklik as uitkykpunt gedien. Hierdie reëling het handig te pas gekom toe Lord F.S. Roberts, vanuit Johannesburg, Pretoria binnegeval en verower het op 5 Junie 1900 (Ploeger, 1968: 77).



Die derde fortifikasie van Pretoria (1900-1902)

Die Britse blokhuis stelsel

Nadat die Britte Pretoria beset het, het hul besef dat die spoorlynverbinding weerloos was. Daar is besluit om dié roetes met 'n stelsel van blokhuisse te bewaak (Lee, 1985: 157). Die konstruksie van strategiese blokhuisse het in Julie 1900 begin en het gewoonlik drie maande geduur om te voltooi. Hierdie blokhuisse was twee verdiepings hoog en kon 'n garnisoen van dertig man akkommodeer (van Vollenhoven, 1995: 88). Spoorweg blokhuisse is begin bou in Januarie 1901 en was baie kleiner sodat dit gouer voltooi kon word. Teen Januarie 1902 was die blokhuisstelsel voltooi. Teen die einde van die oorlog is daar, in totaal, 8459 blokhuisse oor 'n area van 6000 kilometer gebou (Peters, 2003: 52).

Die blokhuisse, in en rondom Pretoria, was ongeveer 1,2 – 2,4 km van mekaar gespaseer. Doringdraad is tussen die blokhuisse gespan om hul te beskerm. Die blokhuisse is ook met mekaar verbind deur telefoniese kables en elkeen het sy eie watertoevoer, kosvoorraad, en ammunisie gehad.

Volgens Peters (2003: 44-52) was daar vier tipes blokhuisse. Die eerste was oktagonaal in planvorm (soos die Vesting

Fig.34: Gedurende die derde fortifikasie van Pretoria is die volgende fortifikasies gebou:

- 1 - Westfort Blokhuis
- 2 - Klapperkop Blokhuis
- 3 - Johnson Redoubt
- 4 - Vesting Blokhuis
- 5 - Hillcrest Blokhuis
- 6 - Cable Hill Redoubt
- 7 - Muckleneuk Blokhuis
- 8 - River Redoubt
- 9 - Eloff Cutting Blokhuis
- 10 - Meintjieskop Blokhuis
- 11 - Wonderboompoort Blokhuis
- 12 - Eastern Redoubt
- 13 - Magasyn Redoubt
- 14 - Quagga Redoubt
- 15 - Kwaggapoort Blokhuis
- 16 - Johannesburg pad Redoubt

Blokhuis) met skietgate in die mure en met 'n golfmetaalplaat dak bo-oor. Majoor S.R. Rice was verantwoordelik vir die ontwerp van die tweede tipe blokhuis, wat goedkoper was om op te rig. Dit het bestaan uit 'n klipgepakte basis met 'n ronde klipgevulde golfmetaal spoumuur bo-op wat bedek is deur 'n reghoekige golfmetaal dak. Die derde tipe is ook deur Majoor Rice ontwerp en was 'n ronde gegalvaniseerde staal blokhuis wat goedkoper, groter en makliker was om op te rig. Klip blokhuisse is ook opgerig (soos die Johnston Redoubt), maar die materiaalkeuse het dit duur en tydsaam gemaak.

Uiteindelik is daar 'n totaal van 61 blokhuisse in en rondom Pretoria opgerig, waarvan 36 van klip, en 25 van golfmetaal gebou was (van Vollenhoven, 1995: 83). Die fortifikasies het egter na die oorloë in onbruik verval en baie is vernietig deur hedendaagse ontwikkeling.

Stedelike plan


Hierdie studie stel 'n stedelike fortroete, soortgelyk aan 'n voetslaanroete of 'n kunsroete, voor. Hierdie roete kan 'n bydrae maak om die publiek se persepsie van Pretoria as 'n gefortifiseerde stad te vestig. Bykomend sal dit ook die identiteit van Pretoria as die hoofstad van Suid Afrika beklemtoon. Die publiek se persepsie van Pretoria word verwing tot die beeld van 'n gefortifiseerde stad deur die voorstelling van 'n stedelike voetslaanroete tussen die fortifikasies. Die roete word so beplan om die beskermende doel van die rantjies en berge rondom Pretoria te artikuleer. Die verskillende forte en hul hoogliggende plasing (elkeen met 'n bepaalde uitsig), word bevestig as bakens of belangrike bestemmings in die stad Pretoria.

Die forte en die natuurlike landskap (randjies) word as die konstante gedefinieer (soos in Hoofstuk 2 bepreek).

Die forte word as volg geklassifiseer:

- Datum van oprigting
- Benaming van tipe fortifikasie, asook
- Graad van verval.

Die toestand van die fort word direk verbind met die graad van permanensie (die konstante). Dus bepaal die oorblyfsels van die fort, sowel as die afstand tussen die



forte, die vlak van verwringing wat die reisigers tussen die forte sou ervaar.

Die fort murasies is meestal geleë binne hedendaagse ontwikkelings. Die reisigers word dus blootgestel aan die stedelike konteks. Die stedelike ervaring word weereens verwring tussen die verskillende bestemmings. Die reisiger kan 'n keuse uitoeven tussen verskillende vervoeropsies, veral waar die fortroete by die plaaslike vervoerstelsels van die omgewing kan inskakel. Die gebruiker kan byvoorbeeld kies of hy/sy met die bus, trein, te voet, op 'n fiets of selfs te perd sekere dele van die roete wil ervaar.

Verder kan die roete ook bestaande toeriste aantrekkingshede, soos die Voortrekker Monument, Freedom

Fig.35: Die ontwikkeling van die partidiagram in die eerste konsepdiagram. Die toestand sowel as die afstande tussen die fortifikasies verwring die oorspronklike beeld. (illustrasie: outeur)



Fig.36: Die gebruiker word vertikaal tot by die murasie gelei. Hy/sy word horisontaal, slegs visueel verbind. 'n Beskadigde fortifikasie sal horisontaal toegang hê tot die murasie, maar vertikaal geen visuele toegang hê tot die hemelruim nie. (illustrasie: outeur)

Park, Groenkloof Natuurreservaat, Wonderboompoort Natuurreservaat, Voortrekker Monument Natuurreservaat en die Uniegebou op Meintjieskop met mekaar verbind. Die roete strek ook, gedeeltelik, langs die riviere (byvoorbeeld die Apiesrivier) en deur die natuurlike landskap van Pretoria.

Die ervaring van die veranderende konteks tussen die fortifikasies artikuleer dus die fortifikasies se oorspronklike doel. Die verbindtenis van individuele fortifikasies as 'n stelsel word op 'n hedendaagse manier herleef. Die primêre stelsel word verdeel in sekondêre, korter roetes:

- Die noordelike roete - 18,3 km
- Die suidelike roete - 34,1 km
- Die westelike roete - 23,4 km
- Die oostelike roete - 25,3 km
- Die hoofroete - 84,2 km

Die roete word weer verder onderverdeel in die graad van permanentheid van die konstantes (toestand van die forte). Hierdie klassifikasie bepaal hoe die omgewing rondom die konstante (fort) hanteer word deur die ontwerper en uiteindelik die moontlike ervaring van die gebruiker. Die landskap kan beheer word op 'n horisontale

of 'n vertikale manier, afhangend van die toestand van die fort (graad van permanensie). Indien die fortifikasie beskadig is, sal die murasie dus meer op 'n horisontale manier met die omliggende omgewing (woonbuurte, skole, winkelsentrums en die ander fortifikasies) verbind. As die fortifikasie nie beskadig is nie kan die vertikaliteit die gebruiker tot sy bestemming lei (sien fig. 38). Op die wyse kan dit die toestand van die fortifikasie van 'n afstand,



Fig.38: Die mate van beheer oor die landskap word bepaal deur die toestand van die murasie. (Illustrasie: outeur)



Fig.37: Die stedelike konteks van 'n terrein waar 'n fortifikasie eens gestaan het (illustrasie: outeur).

Fig.39: Die kontemporêre fortekaart van Pretoria (illustrasie: outeur).





Fig.40: Die roeteplan van die Pretoria fortifikasies (illustrasie: outeur)









sowel as van naderby, aan die gebruiker én die toeskouer kommunikeer.






Die roete-aids

Sleutel

Die fasiliteite wat aan die fortifikasies verskaf word, word bepaal deur die eersgenoemde klassifikasie (byvoorbeeld 'n fort, blokhuis, versterking ens.).

Die volgende simbole word gebruik ter aanduiding van:






Restaurant	Swem-fasiliteite	Rus-fasiliteite	Skoon Drinkwater	Ablusie geriewe	Oornag-fasiliteit
					

Vernietig	Slegs Fondament	Slegs fondament en mure	Struktuur gerestoureer	Geen skade
				


- die maontlike fasiliteite by die fortifikasie verskaf;

Eerste fortifikasie gedurende die Eerste Anglo Boereoorlog (1880-1881)	Tweede fortifikasie gedurende die Tweede Anglo Boereoorlog (1896-1898)	Derde fortifikasie gedurende die Tweede Anglo Boereoorlog (1900-1902)
1.	2.	3.

- die huidige toestand van die fortifikasie;
- die periode waartydens die fortifikasie opgerig is;

Fort	Blokhuis	Redoubt	Loopgraaf	Versterking
				

en laastens die klassifikasie waarbinne die fortifikasie



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Fig.41: Links, argivale foto van die Johnston Redoubt (van Vollenhoven, 1995: 91).

Fig.42: Regs bo, 'n foto van die Johnston Redoubt geneem in 1991 (van Vollenhoven, 1995: 92).

gegroepeer kan word.
Johnston Redoubt (0 km)

Johnston Redoubt is die tweede Britse fortifikasie op die Meintjieskopbergreeks. Dié blokhuis is geleë op die grond van die staatspresidentswoning. Dit is tans in 'n goeie toestand omdat toegang tot die eiendom gereguleer word.

Die Johnston Redoubt het saam met die *Eastern Redoubt* die



Fig.43: Foto van Heroldstraat waar die Hillcrest Blokhuis was (foto: oueur).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

oostelike ingang tot Pretoria bewaak.

Hillcrest Blokhuis (+ 1,6 = 1,6 km)

Daar was 'n blokhuis in Hillcrest gebou naby die huidige Heroldtstraat (tussen Lynnwoodweg en Duxburystraat). Heroldtstraat het eens bekend gestaan as *Old Fort* straat. Geen oorblyfsels van die blokhuis is te vinde nie as gevolg van residensiële ontwikkeling wat in hierdie area plaasvind

(van Vollenhoven, 1995: 102).



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Howitzer Redoubt (+ 1,8 km = 3,4 km)

Hierdie blokhuis was geleë op die heuwel agter die hedendaagse Boys High School (van Vollenhoven, 1995: 89). Dit het gedien as beskerming van die naasliggende spoorlyn.

Fig.44: Foto van Collegelaan waar die Howitzer Redoubt moontlik gestaan het (foto: outeur).

Fig.45: 'n Skets van die Muckleneuk Blokhuis (van Vollenhoven, 1995:95).

Vandag is daar geen oorblyfsels van die blokhuis oor nie.



Fig.46: Die geboue van UNISA waar die Muckleneuk Blokhuis gestaan het. (foto: outeur, 2011)



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Muckleneuk Blokhuis (+ 3,5 km = 6,9 km)

Op Muckleneuk Heuwel, waar die Universiteit van Suid-





Fig.49: Regs, 'n foto van die sogenaamde 94th Regiment onder leiding van Kaptein F.B. Campbell. In die agtergrond is Fort Royal (van Vollenhoven, 1995: 35).

te steel (van Vollenhoven, 1995: 38). Vandag is slegs die



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Fig.47: Links bo, 'n foto van die 25 soldate van die Royal Scots Fusiliers wat Fort Tullichewan beman het. In die agtergrond kan die klipstruktuur van Fort Tullichewan gesien word (van Vollenhoven, 1995: 38).

Fig.48: Regs bo, die oorblywende fondament van Fort Tullichewan gefotografeer in 2011 (foto: outeur).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Afrika vandag is, was daar ook 'n blokhuis opgerig.

Fort Tullichewan (+ 2,8 km = 9,7 km)

Fort Tullichewan is ontwerp deur Luitenant C.E. Commeline en gebou in Desember 1880 (van Vollenhoven, 1995: 37). Die fort was soortgelyk aan Fort Commeline, versterk deur sandsakke en grond. Dit is vernoem na die Skotse kasteel van Lieutenant F. Gildea se skoonpa. Die omliggende omgewing is op dieselfde manier as Fort Commeline gefortifiseer. Die primêre doel van Fort Tullichewan was om gevaar van die suidooste te monitor en om te waak oor die Apiesrivier wat water aan die militêre kamp voorsien het (van Vollenhoven, 1995: 36).

Op 17 Januarie 1881 het die Britte vanuit Fort Tullichewan skote gevuur in die rigting van die hedendaagse woonbuurt Sunnyside, nadat die Boere vergeefs probeer het om beste


fondament sigbaar.

Fort Royal (+ 2 km = 11,7 km)

Die konstruksie van Fort Royal (of Fort Cambell) het plaasgevind onder die leiding van Luitenant C.E. Commeline. Die fort is binne 2 weke voltooi (4 - 18 Desember 1880) en dit was die grootste fort gedurende die aanval op Pretoria (van Vollenhoven, 1995: 34). Dit het bestaan uit grondwal/-mure met sandsakke bo-op en 'n diep loopgraaf rondom.

Fort Royal het wag gehou oor die suidelike ingang van Pretoria en twee paaie (die Lydenburg/Middelburg- en Heidelberg/Potchefstroom-pad)(van Vollenhoven, 1995: 34). Dit was geleë op die suidwestelike hoek van (wat vandag

bekend staan as) Paul Kruger- en Jacob Maréstraat. Tans



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

is 'n bronsplaat die enigste herinnering van die fort.

Convent Redoubt (+ 0.5 km = 12,2 km)

Die gefortifiseerde Lorettahuis of -klooster, was geleë aan die oostelike kant van die huidige Visagiestraat (waar die Kultuurgeskiedenis Museum tans geleë is), As fortiikasie het dit die suidelike ingang tot Pretoria bewaak. Kosvoorraad is hier gestoor en skietgate is in die mure aangebring om 'n moontlike aanval af te weer. 'n Muur is opgerig om die klooster met die tronk te verbind (van

Fig.50: Regs, 'n foto van die *Convent Redoubt* gedurende die Eerste Anglo Boereoorlog (1880 - 1881)(van Vollenhoven, 1995: 34).

Fig.51: Die Uniegebou op Meintjieskop waar die Meintjieskop Blokhuis gestaan het. (Tswane Metropolitan Municipality, 2004: 22).

Vollenhoven, 1995: 34).



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

Meintjieskop Blokhuis (+ 2,9 km = 15,1 km)

Die Meintjieskop Blokhuis het die poort langs Meintjieskop



Fig.52: Die fondament van *Eloff Cutting* Blokhuis, afgeneem in 1990 (van Vollenhoven, 1995: 95).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

bewaak.

[Eloff Cutting Blokhuis \(+ 2,3 km = 17,4 km\)](#)

Die fondament van die *Eloff Cutting* Blokhuis is steeds te

vinde op Daspoortrand, tussen Hoërskool Langenhoven en




Fig.53: Links bo, 'n foto van Fort Wonderboompoort afgeneem tussen 1904 – 1954 (van Vollenhoven, 1995: 55).

Fig.54: Regs bo, Fort Wonderboompoort afgeneem in 2011. (foto: outeur)

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			


die Pretoria Dieretuin.

[Fort Wonderboompoort \(+ 4,8 m = 22,2 km\)](#)

Op 4 September 1897 is Fort Wonderboompoort oorhandig aan die Staatspresident van die ZAR. Die totale koste van die fort het op 49 000 Pond beloop (Ploeger, 1968: 31).

Fort Wonderboompoort is ontwerp deur die twee Duitse ingenieurs van die maatskappy, Krupp. Dit het dieselfde argitektoniese- en verdedigingsplan as Fort Schanskop gehad (Ploeger, 1968: 32). 'n Telegrafiese verbinding is tussen Fort Wonderboompoort en die militêre kamp bewerkstellig. Fort Wonderboompoort het verder ook sy eie pompstasie gehad wat water van die Apiesrivier na die

reservoir, onder die fort, gepomp het. Doringdraad is ook



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

rondom die fort geplaas vir bykomende beskerming (van Vollenhoven, 1995: 51).

Wonderboompoort Blokhuis (+ 0,7 km = 22,9 km)

Die ligging van 'n blokhuis word, op historiese kaarte (van Vollenhoven, 1995: 90), tussen Wonderboompoort en *Cable*

Fig.55: Links bo, Wonderboompoort Blokhuis vanuit die noordelike rigting afgeneem (van Vollenhoven, 1995: 93).

Fig.56: Regs bo, Foto van Wonderboompoort waar die blokhuis was (foto: outeur).

Hill Redoubt aangedui. Dit is op die voet van die heuwel



Fig.57: Die ruïne van *Cable Hill Redoubt*, gefotografeer in 1990 (van Vollenhoven, 1995: 84).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

gebou om genoegsame beskerming aan die poort te bied. Met die opgradering van die spoorlyn en pad deur die poort, is die blokhuis egter vernietig.

Cable Hill Redoubt (+2,1 km = 25 km)

Cable Hill is die tweede heuwel na die weste van Wonderboompoort, bokant die hedendaagse woonbuurt van *Mountain View*. Dit is die hoogste punt in hierdie gedeelte van die Magaliesbergreeks en was dus ideaal geleë vir

'n seinpos. Volgens van Vollenhoven (1995: 83) was die



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

redoubt gebou van klip. Slegs 'n murasie van die blokhuis se fondament bestaan nog.

River Redoubt (+ 5,2 km = 30,2 km)

River Redoubt was waar die Daspoort Cutting vandag

Fig.58: River Redoubt voordat dit vernietig is. Aan die regterkant van die foto kan die Apiesrivier gesien word. (van Vollenhoven, 1995: 93)

is (naby die PPC Cementfabriek). Dié blokhuis het gewaak



Fig.59: Links, oorblyfsels van Westfort Blokhuis, afgeneem in 1991 (van Vollenhoven, 1995: 91).

Fig.60: Regs, Westfort Blokhuis afgeneem in 2011 (foto: outeur, 2011).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

oor Daspoort, maar is vernietig toe die spoorlyn en pad verbreed is.

Westfort Blokhuis (+ 7,7 km = 37,9 km)

'n Ronde, klip blokhuis is aan die oostelike kant van Fort Daspoortrand (Westfort) gebou en verbind met 'n

klipvoetpad. Die twee fortifikasies is ongeveer een kilometer



Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

Fig.61: Links bo, Fort Daspoostrand in aanbouing vanaf Julie 1897 tot 12 November 1898 toe dit oorhandig is aan die Regering van die ZAR (Ploeger, 1968: 38).

van mekaar. In 1990 is 'n waterreservoir opgerig naby die klip blokhuis.

Fort Daspoostrand (+ 1,2 km = 39,1 km)

Fort Daspoostrand (of *Westfort*) is die enigste van die Boereforte wat in 'n Franse styl ontwerp is (Ploeger, 1968: 59). Dit is ontwerp deur die Franse militêre ingenieurs, Leon Grunberg en Sam Léon. Op 12 November 1898 is dit voltooi teen 'n koste van 46 500 Pond (Ploeger, 1968: 40). Die ingenieur verantwoordelik vir die konstruksie, was Edgar Cassen. Franse en Italianers was ook betrokke by die konstruksie, onder andere Carlo Prina, Petro Testan en Joseph Allias (van Vollenhoven, 1995: 58).

Fort Daspoostrand was heksagonaal in plan met bastionne. Die ammunisie kamers is ondergronds en verbind met die binnehof. Die ammunisie is opgehys na bo, deur twee skagte, een aan die oostelike en die ander, aan die westelike kant van die fort. 'n Telegraafkabel verbind die fort met die sentrale telegraafkantoor. Twee dinamo's het elektrisiteit

opgewek vir elektriese ligte en soekligte. Fort Daspoostrand



Fig.63: Die murasie van Quagga Redoubt. Die water reservoir wat later opgerig is kan in die agtergrond gesien word (van Vollenhoven, 1995: 88).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand	.					
Dateer	1.	2.	3.			

het ook sy eie pompstasie gehad om water te voorsien. (van Vollenhoven, 1995: 60)

Quagga Redoubt (+ 8,6 km = 47,7 km)

Fig.148: Regs bo, die enigste plek in die amfiteater waar die toeskouer 'n uitsig oor die stad het (foto: outeur, 2011).

Fig.149: Regs middel, plan van die S'khumbuto fase met Fort Tullichewan aangedui aan die regterkant van die kompleks (Low, 2007/08: 22).

Fig.150: Regs onder, die ingang tot die S'khumbuto waar die muur van die landskap opstyg om 'n sterk vertikale drumpel te vorm (foto: outeur).

Fig.151: Heel regs onder, water word deurgaans in die projek gebruik as simbool van reiniging (foto: outeur).



Die vorm van die kompleks en roetes volg die kontoere (op 'n subtiele wyse). Behalwe vir die versameling *staal riete* (wat die kompleks omring) is die kompleks onsigbaar vanaf die omliggende snelweë. Die oorspronklike eienskap van die randjies as natuurlike drumpel tot Pretoria word dus behou.

Die strukture wat hierdie eienskap verwesenlik is egter nie voldoende gekommunikeer nie. Die murasie van Fort Tullichewan is geïgnoreer in die ontwerp van die Park. Die ruïne staan tans verwaarloos op 'n onbereikbare punt langs die *S'khumbuto memorial* wat die agt konflikte van Suid-Afrika gedenk. Die fort kon die gelaagde ervaring van konflikte in Suid-Afrika verryk het. Langs die houtdekroete, oppad na die *//Hapo* sentrum, is egter afdwaalpaadjies wat na die klipmurasies lei. Die oorsprong en betekenis van die murasies word egter nie gekommunikeer nie.

Die roetes tussen die verskillende bestemminge van die Park is meestal lineêr in een rigting. Die roete is toegewyd deur die verhewe dekoppervlak met 'n uitsig oor die omliggende omgewing. Sodra die toeskouer die bestemming bereik, vind die inverse egter plaas. Die uitsig word belemmer terwyl die roete minder spesifiek word. Hierdie ruimtes is gewoonlik van 'n publieke aard en sorg vir 'n meer intieme atmosfeer in die vergaderruimtes. Die oorgang van die roeteruimtes tot die bestemmingruimte vind op 'n baie subtiele manier plaas. Die horisontale drumpels (op die roete), wat eers die besoeker se beweging belemmer het, word egalig vertikaal om die besoeker se uitsig te belemmer in die vergaderruimtes. Dieselfde ervaring van ruimtes word deur die outeur ondersoek.

Fig.152: Regs, bo, die versteekte ingang word eers ontbloot as die toeskouer om die gebou geloop het (foto: outeur).



Fig.153: Heel Regs bo, foto van die *Isivivane* ruimte (foto: outeur).



Fig.154: Regs middel, die toegewyde roete wat na die *Isivivane* ruimte lei (foto: outeur).



Fig.155: Heel regs middel, die geligde houtdek roete wat na die *//Hapo* uitstalruimtes lei (foto: outeur).



Fig.156: Regs onder, die afdwaal padtjies langs die houtdek roete wat na die klip murasies toe lei (foto: outeur).



Fig.157: Heel regs onder, die oorblywende fondasie mure van Fort Tullichewan (foto: outeur).



Parque Residencial Jardines del Pedregal

San Angel, Mexiko

Argitek: Luis Barragán

Jaar voltooi: 1945 - 1950

Die ontstaan van *El Pedregal* gaan gepaard met die geologiese ontwikkeling van Mexiko. Ongeveer 2500 jaar gelede het die Xitle vulkaan uitgebars in lawa golwe wat sowat 24 vierkante kilometer se rowwe terrein gevorm het (Ambasz, 1976: 11). Oor die eeue heen het hierdie terrein 'n paradys geword vir reptiele, skerpioene, en wilde plante hoofsaaklik omdat dit so onbegaanbaar was vir mense en ander roofdiere (Ambasz, 1976: 11).

In 1944 het Barragán 'n stuk grond gekoop genaamd *El Cabrío*, wat aan *El Pedregal* gegrens het. 'n Klein gedeelte van *El Pedregal* se klipperige terrein het deel van die eiendom gevorm. In die ontwerp van *El Cabrío* poog Barragán om 'n verskeidenheid, opeenvolgende tuinruimtes te skep waar hy kon mediteer en die natuur geniet (Ambasz, 1976: 11). Barragán was gefassineerd deur die klippe en plantegroei wat op die gedeelte van *El Cabrío* voorgekom het. Hy het die visie ontwikkel om 'n onbegaanbare terrein van *El Pedregal* te omskep in 'n loofryke, leefbare tuin waar Mens en Natuur kan saamleef (Ambasz, 1976: 11).

Barragán se konsepplan was gebasseer op die ontwikkeling van 'n residentiële area wat die bestaande lawaformasies en plantegroei respekteer (Ambasz, 1976: 11). Barragán het die Persiese idee van leefruimtes in gedagte gehad. Die tuin is beskou as die hart van die huis onthaalruimtes. Vertrekke (of kamers) is bloot beskou as ruimtes om in te slaap, besittings in te stoor en om as beskerming teen die elemente te dien (Ambasz, 1976: 11).

Fig.158: Die sterk vertikale lawaklimure wat die buitelugkamers definieer (Ambasz, 1976: 17).




Fig.159: Die eenvoudige geometriese hekke by die ingang van die kompleks (Ambasz, 1976: 14).



José Alberto Bustamante was Barragán se vennoot in hierdie ontwikkeling van 346 hektaar (Ambasz, 1976: 11). Toekomstige kliënte was egter skepties oor die onbegaanbare terrein. Ten einde die uitvoerbaarheid te bewys het Barragán drie tuine ontwerp. Barragán het bogrond oor die terrein gestrooi om inheemse kaktusse, wilde blomme, peperbome en ander bome te vestig. Trappe en voetpaadjies is uit die rots gekap; waterpoele en klipmure is so ontwerp dat dit gelyk het asof die tuin saam met die lawaformasies gevorm het (Ambasz, 1976: 11).

Die ingange tot die kompleks word beklemtoon d.m.v. hoë omringende klipmure met rooi en groen geverfde gietyster pale (Ambasz, 1976: 12). Dekoratiwe fonteine en plazas kontrasteer met die hoë vertikale oppervlaktes, kort gekleurde gietysterpale en die rowwe onvergeeflike terrein. Hierdie kontraste sorg vir onverwagte estetiese resultate (Ambasz, 1976: 12).

Die gerealiseerde tuine het verdere ontwikkeling aangemoedig. Barragán het regulasies vir die area opgestel om sy visie te bereik (Ambasz, 1976: 12). Omdat elke erf 'n opelugkamer moes vorm, is alle huise omring deur hoë lawamure. Hierdie mure was soms gevlek deur oksiedverf om 'n roes, vaalgroen, vaalblou of soms helder pienk afwerking te gee. Barragán se konstruksiekode het eenvoudige argitektoniese vorms vereis. Reguit lyne, plat oppervlaktes en primêre geometriese volumes het 'n abstrakte kwaliteit aan die ruimtes verleen (Ambasz, 1976: 12). Op dié manier het eenvoudige mure in die landskap geartikuleerde ruimtes gekap.

Fig.160: Een van die fonteine in die plazas.

Hier kontrasteer die fontein met die gietyster balustrade en die straal water (Ambasz, 1976: 13).



Fig.161: Die Fuente de los Patos fontein by die hoofingang. Hier raam twee swaar mure uitsigte na die binnekant van die tuin. Dit word gekomplimenteer deur die reflekterende water en die onverwagse waterbron (Ambasz, 1976: 20).



Hoofstuk 6

Ontwerpontwikkeling

Konsen ontwikkeling

Parti-diagram:

Om die argument tot 'n eenheid te bind, word die parti-diagram eerstens opsommend verduidelik in konteks met die terrein.

Die diagram gaan hand aan hand met die stedelike raamwerk van hierdie verhandeling. Die konstante in die landskap van Pretoria is die randjies en koppies. Dit word gevolg deur die fortifikasies wat bo-op hierdie rantjies en koppies gebou is. Die vlak van permanentheid van dié konstantes word bepaal deur die ontwikkeling wat rondom dit plaasgevind het. Ulteindelik het die ervaring van die stad onder die randjies, 'n verwingde beeld van die spesifieke fort geskep. Dit is die doel van hierdie dissertasie om dié verwingde beeld te kommunikeer in 'n hedendaagse konteks.

Verwringing

Op die terrein word 'n kontemporêre as en 'n historiese as ervaar. Die hedendaagse as word gevorm deur die nuwe gedeelte van die *Old Fort* straat en is loodreg met die heining wat die terrein met die Proefplaas skei. Die as loop in 'n noord-suid rigting. Die historiese as word gevorm deur die ou gedeelte van die *Old Fort* straat en loop in 'n noordwes-suidoostelike rigting. Hierdie as is loodreg met die visuele, of denkbeeldige as wat Fort Klapperkop met die *Eastern Redoubt* verbind. Die invloed wat hierdie twee asse op mekaar het, gee 'n verwronge persepsie van die *Eastern Redoubt*. Omdat die terrein afgesper is, word die historiese as glad nie deur die publiek ervaar nie.

Om die bestaan van die fort te kommunikeer, is besluit om die toeskouer bewus te maak van hierdie twee asse op die roete. Op dié manier sal daar onderskeid getref kan word tussen oud en nuut op die terrein.




Fig.162: Bo, die parti-diagram illustreer die reisiger se persepsie van Pretoria as 'n gefortifiseerde stad voordat (bo) en nadat (onder) hy/sy die roete onderneem het. Die wit lyne stel die ligging van fortifikasies voor (illustrasie: outeur).

Fig.163: Regs, die sterk asse wat op die terrein ervaar word (illustrasie: outeur).






Fig.164: Strukture op die kontemporêre (wit) en historiese as (geel) illustreer die vlak van verwinging van betekenis. (illustrasie: outeur).

Fig.165: Die kombinasie van oud en nuut kommunikeer 'n verwingde boodskap (illustrasie: outeur).

Bestemmings

Die *Eastern Redoubt* vorm deel van 'n groter stedelike roete. Die roete op die terrein egter ook, belangrik. Die sekondêre konstantes behoort op die terrein gevestig te word om die toeskouer se ervaring. Hierdie sekondêre konstantes is in die vorm van platforms. Die platforms funksioneer as bestemmings en bied ruimtes waar die toeskouer kan rus en die uitsig na en van die *Eastern Redoubt* (of *Eastfort*) ruïnes te ervaar.

Die doel van die platforms is dus om die toeskouer se oog na die horison en die omliggende landskap te lei. Dit sal die oorspronklike funksie van die *Eastfort* versinnebeeld, naamlik om die omliggende omgewing te bespied. Soortgelyk aan die ruimtes tussen die mure van Huis Press wat in Hoofstuk 5 verduidelik is, word die platforms die ruimte waar natuur en struktuur saamsmelt.



Fig.166: Bo, die konsep-tekening illustreer die fort as 'n visuele bestemming met drumpels wat die weg daarna versper. Die ruimtes tussen die drumpels word die bestemmings (Illustrasie: outeur).

Fig.167: Regs, die tekening illustreer 'n tegniek om die toeskouer se aandag op die omliggende landskap te vestig (illustrasie: outeur).










Fig.168: Links, plan van die roete deur die terrein (illustrasie: outeur).

Fig.169: Links, die sketse illustreer die toeskouer se ervaring deur die roete. Let op die effek van die drumpels (illustrasie: outeur).





Drumpels

Die platforms is gerig op die kontemporêre as om die toeskouer se visie te rig. Hierdie ruimtes, tesame met die drumpels, beklemtoon die feit dat *Eastfort* die oostelike ingang van Pretoria bewaak het. Die mure word slegs ervaar as drumpels as dit vanuit die ooste of die weste beskou word. Sodra die toeskouer die mure vanuit 'n noordelike of suidelike rigting benader, verander die uitwerking van die drumpels. Die oos-wes as vestig die toeskouer se aandag op die horison en omliggende omgewing soos wat die roete op die historiese as beweeg.

Die toeskouer of besoeker se roete-ervaring word ontwerp van die bokant tot die onderkant van Strubenkop. Soos wat die toeskouer na onder beweeg, word die (mure) drumpels hoër totdat dit die pad en uitsig versper. Aan die bokant van die koppie verbind die toeskouer met die landskap en word die mure gebruik as sitplekke of selfs loopvlakke. Dié effek van die drumpels dui ook op die militêre strategiese voordeel van Strubenkop, nl. 'n goeie uitsig.

Die konsepsuele snit en plan (fig. 168 & 169) het egter nie die terrein en ruïnes gerespekteer nie. Die estetiese kwaliteit van Strubenkop is ook nie bewaar nie. Daar is toe besluit om die roete te konsolideer tot die bo-kant van Strubenkop (waar die ruïnes is). In hierdie ontwerpvoorstel sal die reisiger die fort ruïnes en landskap saam ervaar.

Fig.172: Regs bo, 'n konsepskets illustreer die ingangruimte tot die gebou (illustrasie: outeur).



Fig.173: Regs middel, 'n konsepskets illustreer die ruïnes-platforms (illustrasie: outeur).




Fig.174: Regs, die konsepskets illustreer die restaurant area waar die drumpels hoër word (illustrasie: outeur).



Verwringing van realiteit










Vir die besoeker om die ruïnes te besigtig is die konsep van die drumpels ontwikkel. Die platforms artikuleer die ruïnes op sekere plekke deur as bestemmings te dien. Bestemmings word deur die drumpels beheer en bepaal. Dit is by die ruïnes waar die toeskouer 'n direkte verhouding met realiteit sou kon ervaar. Hierdie verhouding word verwring soos wat die toeskouer langs die drumpel, by die koppie afgaan. Die drumpels word hoër om sekere fasiliteite te akkommodeer en te omsluit. Dit stel die verwringing van die *Eastfort* ruïnes voor.

Elke platform/bestemming het 'n bepaalde funksie wat langs die roete geplaas word, naamlik:

- die aankoms-platform;
- die drinkwater-platform;
- die ablusie-platform;
- die restaurant-platform;
- die oornag-platform; en
- die uitkyk-platform.






Fig.175: Links en regs, die tekeninge illustreer die ervaring van die besoeker (illustrasie: outeur).



Die finale bestemming is die uitkyk-platform wat op die hedendaagse as verbind word aan die aankoms-platform. Die uitkyk-platform artikuleer die ligging van die ruïnes wat in die beste toestand is.

Fig.176: Die plan van die roete deur die terrein (illustrasie: oufeur).





Hoofstuk 7

Tegniese ontwikkeling

Roetes

Vanuit die ontwerpontwikkelings hoofstuk word dit duidelik dat die roete 'n belangrike kenmerk in die ontwerp is. Die tegniese ontwikkeling behoort hierdie kenmerk te steun. Hierdie hoofstuk behoort dus gesien te word as 'n verlenging van die ontwerpontwikkelings hoofstuk. Die roete word in verskeie kategorieë verdeel om die oornagfasiliteit te akkomodeer:

- die roete van die gebruiker;
- die roete van water gebruik op die terrein;
- en die roete van lug deur die ruimtes.





Fig.179: 'n Foto van die konsepmodel vanuit die noorde geneem. Dit illustreer hoe die tegniese ontwikkeling die ontwerp lei in die vorm van die struktuur (foto: outeur)..

Die roetes werk saam om die erfenis van die *Eastern Redoubt*, sowel as die ander fortifikasies op die stedelike roete, weer te gee. Hoe dié roetes verwring word tot die hedendaagse konteks sal die kommunikasie van die erfenis op die terrein steun.

Fig.180: 'n Foto van die konsepmodel afgeneem vanuit die suide. Die vereenvoudigde vorm verminder die votspoor van die gebou.(foto: outeur).




Die gebruikersroete

Die roete van die gebruiker word verder verdeel in aspekte wat voorgekom het in die vorige hoofstuk:

- bestemmings;
- drumpels;
- toegang tot die terrein;
- sirkulasie

Bestemmings

Die verskillende bestemmings/platforms is gekondenseer tot slegs een platform sodat die konsep van verwinging duideliker ervaar word in een liniêre element. Die enkele platform vereenvoudig die vorm van die stuktuur. Die eenvoudiger liniêre vorm laat die gebou toe om as 'n beeldhouwerk in die landskap te funksioneer. 'n Beeldhouwerk integreer met die omgewing deur kontras soos die presedente studies dit illustreer. Op die manier kan onderskei word tussen oud en nuut.



Omdat die ruïnes meestal geïntegreer het met die landskap, is besluit om die platform oor die ruïnes te sit wat in die beste toestand is. Die landskap word dus eers ervaar wat die besoeker in staat stel om die ruïnes in konteks te besigtig. Die posisie van die platform artikuleer ook die posisie van die reservoirs wat meestal verantwoordelik is vir die verval van die *Eastern Redoubt*

Fig.181: Die bestemmings op die terrein is verminder tot slegs een platform wat die verhouding tussen die ruïnes, reservoirs en ander fasiliteite in een leesbare vorm kommunikeer (foto: outeur).

en ander fortifikasies. Dit is ook hier, aan die noordelike kant van die koppie waar die publieke funksie van die gebou naamlik die swemfasiliteite en restaurant geakkommodeer word.





Fig.182: Diagrammatiese voorstelling van hoe die koppie verdeel word in privaat en publiek (bo); hoe die platform in die landskap sit (middel); en hoe die platform die ruïnes en die reservoirs saambind (onder) (illustrasie: outeur).



Verder word die platform ook op die kontemporêre as verbind tot die aankoms ruimte. Die verband is denkbeeldig en word fisies verbind deur 'n versameling opritte en voetpaaie wat die as oorkruis. Soos reeds gestaaf is dit op hierdie aankomsroete wat die landskap (of die konteks) van die *Eastern Redoubt* ervaar word deur die besoeker.

Drumpels

Die liniêre drumpels is ook gekondenseer tot slegs een muur in die landskap. Daar word egter ook meer subtiele drumpels op die roete ervaar. Hierdie tipe drumpels is byvoorbeeld die oppervlak waaroor die besoeker beweeg of die staalemente wat die betonvloere dra. Al hierdie drumpels werk saam om die besoeker se aandag na die omliggende omgewing te rig.




Fig.183: Links bo, uitsig oor die residentiële kant van Strubenkop wat die posisie van die private kant van die ontwerp bepaal (foto: outeur).

Fig.184: Regs bo, uitsig oor die noordelike kant van Strubenkop wat die posisie van die publieke kant van die ontwerp bepaal (foto: outeur).

Fig.185: Die drumpels wat die besoeker op die toegangsroete sal ondervind




Fig.186: Die toegangsroete op die terrein (illustrasie: outeur).




Fig.187: Detail snit deur die toegangsroete (illustrasie: outeur).

Ander subtiële drumpels is dié aangetref by die opritte en voetpaai wat na die platform lei. Die drumpels laat hoofsaaklik vertikale beweging toe in slegs een rigting.

Die hoof liniêre drumpel in die ontwerp word saamgestel uit die bestaande kwartsied klippe op die terrein. Die outeur neem aan dat die klippe eens deel was van die *Eastern Redoubt*. Die meeste van dié klippe is aan die onderkant van die koppie wat moontlik afgestort is deur vandaliste. Hierdie eienskap van die terrein word gebruik om die konsep van verwringing in die konstruksie van die muur te illustreer. Hoe verder die muur van die platform bo beweeg, hoe hoër word die muur. Die muur benodig dus meer klippe aan die onderkant van die koppie waar die meeste klippe op die terrein is. Dit is hier aan die onderkant waar die gebruiker die verste van realiteit verwring is. Kunsmatige realiteite word hier geskep om die hedendaagse funksie van die fort te akkommodeer. Om nuwe kunsmatige realiteite te skep benodig energie wat in hierdie geval boumateriale/klip is.



Fig.188: 'n Foto van die klippe wat afgestort het tot onder (foto: outeur).




Fig.189: Die diagram illustreer die hoof liniêre drumpel in die landskap. Die diagram bo wys hoe die oorspronklike fortmuur afgestort is na onder. Die diagram onder dit illustreer hoe hierdie klippe gebruik word om die muur te bou (illustrasie: outeur).

Sirkulasie

Die gebruiker ervaar die konsep van verwringing langs die sirkulasieroetes. Die primêre sirkulasieroete is langs die hoof liniêre drumpel wat vroeër bespreek is. Die beweging in die rigting van hierdie roete is gemaklik vir die besoeker sodat die verwringing van betekenis na onder gekommunikeer kan word. Al die fasiliteite in die gebou word aan die roete verbind deur sekondêre roetes wat die hoofroete kruis. Die sekondêre roetes word oorkruis deur verdere meer subtiële drumpels. Die subtiële drumpels soos byvoorbeeld die staalbalke, vestig die die aandag van die gebruiker in die rigting van die hoof liniêre drumpel. Openinge in die hoof liniêre drumpel kondig nie net dié sekondêre roetes aan nie, maar bied ook uitsigte na die omliggende omgewing.



Fig.190: Die foto van die konsepmodel illustreer die primêre sirkulasieroete langs die klipmuur.





Fig.191: Bo, die diagramme illustreer die sirkulasie roetes (illustrasie: outeur).



Struktuur

Die struktuur bestaan uit vyf gewapende betonvloere wat op 'n staalraamstruktuur rus. Die staalraamstruktuur word eers opgerig waarna die betonvloere bo-op dit gegiet word. Hierna word die kleisteen binnemure onder die beskerming van die betonvloere gebou. Hierdie eenvoudige konstruksieproses verminder die impak op die terrein.







Fig.193: 'n Detail van die kolom en balk aansluiting. Let op hoe die verskillende staal elemente nie onderbreek word deur die kolom nie (illustrasie: outeur).

Fig.192: Die primêre en sekondêre roetes word geartikuleer deur die staalstruktuur. Hier kan gesien word hoe die sekondêre element die gebruiker van die hoof drumpel tot in die gebou in lei (illustrasie: outeur).

Fig.194: Die diagramme illustreer die staalstrukture op die terrein (illustrasie: outeur).





Die stuktuur volg die topografie van die terrein sodat die onderste vloere minder in oppervlak is. Die boonste vloer (platform 1, 2 & 3) is 'n verlenging van die landskap. Hierdie platforms bied die geleentheid vir die besoeker om die volumes van die oornag ruimtes na onder te besigtig. Die platforms kan gesien word as 'n uitstalling van die hedendaagse gebruike (verwringing van die funksie) van die fort.

Fig.195: Die diagram illustreer die konstruksieproses (illustrasie: outeur).





Fig.196: Diagramatiese voorstelling van die vloere en hoe dit realiteit verwring (illustrasie: outeur)



Die waterroete

Die sirkulasie van water illustreer ook die verwringsproses wat langs die roete ervaar word. Een van die bestaande reservoirs word gebruik om reënwater te stoor wat regdeur die gebou gebruik word. Verwys na fig. 196 vir die watersirkulasie stelsel.

Op die diagram kan gesien word hoe die rioolwater gesuiwer word vir residensiële besproeiing. Die Biozone Nokak-rioolaanleg word gebruik om die water te suiwer. Die proses vind plaas in bogrondse herwinningstenks. Die houers is toe, dus is daar geen reuk nie. Die riool word versamel in 'n opgaartenk waar nie-afbreekbare vaste stowwe van die res van die afval geskei word. Volgende sirkuleer die rioolwater deur 'n reeks tenks waar mikroörganismes suurstof toedien wat later onttrek word sodat die bakterie homself verteer om die finale afvalstowwe te verwyder (Ozone Services Industries, 2011). Die proses word herhaal totdat net water




Fig.198: Die diagram illustreer die watersirkulasie deur die gebou (illustrasie: outeur)

Fig.197: Detail tekening van die kolomvoetstukke (illustrasie: outeur).

oorbly. Die water word dan met osoon gesteriliseer vir besproeiings-standaarde. Die gas osoon word opgewek deur die son se ultravioletstrale wat suurstofmolekules opbreek. Die proses is 3000 keer vinniger as chloor en 2,5 keer sterker (Ozone Services Industries, 2011).

Fig.199: Regs, die diagram illustreer die rioolsuiwerings proses (illustrasie: Ozone Services Industries, 2011).





Fig.200: Onder, die snit illustreer die roete van die water gebruik op die terrein (illustrasie: outeur).





Die roete van lug

Die oorspronklike doel van die oornagfasiliteit is om in die buitelig te eet, slaap en te sosialiseer. Groot openinge word aan die suidekant van die gebou gelaat om die uitsig oor Lynnwood te benut. Hierdie openinge laat ook koel lug van die suide in. Die meer publieke areas (soos die gemeenskaplike braai-areas) is aan dié kant van die gebou geplaas. Die warm lug ontsnap deur openinge aan die noordekant. Ablusiegeriewe word diep in die gebou (noord) geplaas om die ruimtes te beskerm van die suidelike winde op die terrein.

Die slaapkwartiere aan die oostelike kant maak gebruik van kruisventilasie wat beheer kan word deur die deure wat na die afsonderlike eenhede lei. Die slaapkwartiere is aan die oostelike kant van die gebou om die oggendson te benut.

Fig.201: Die snit illustreer die ventilasie van die gemeenskaplike braai areas en die ablusie ruimtes (illustrasie: outeur).

Fig.202: Die plan van vloer 3 illustreer die kruisventilasie in die gebou (illustrasie: outeur).




Hoofstuk 8

Gevolgtrekking

Fig.203: Strubekop vanuit die noorde

Fig.204: Regs, terreinplan






Fig.205: Vloerplan 1, nie volgens skaal.




Fig.206: Vloerplan 2, nie volgens skaal.




Fig.207: Vloerplan 3 & 4, nie volgens skaal.






Fig.208: Vloerplan 5 & 6, nie volgens skaal.

Fig 209: Die hedendaagse
fort uitstalruimtes



Section B-B 1:50



Section B-B 1:50






Fig.210: Bo, onder en op die volgende bladsy, Snit BB



Detail 1


internal column & beam
1:10





Detail 2

external column & beam
1:10

Fig.211: Detail 1 & 2



Detail 3 chimney NTS



chimney from top



chimney from bottom




Fig.212: Detail 3, nie volgens skaal.

Detail 8 roofgarden NTS

- 60 dia x 1.5 mm stainless steel handrail with purpose-made supporting bracket @ max 900 centres
- 160 mm thick and 1000 mm high concrete balustrade
- polymer modified bitumen waterproofing and geotextile layer taken 100 mm above gravel layer
- 180 mm thick gardensoll on 0,89 mm geotextile planted with grass
- 200 mm dia cast iron pipe and with cast iron grid on top a over 110 mm dia galvanized water outlet cast into concrete floor leading to concrete spout
- 160 x 180 mm cast in situ concrete upstand
- 500 mm wide and 100 mm thick 20 mm dia gravel layer on 0,89 mm thick geotextile layer
- 80 mm thick permeable Oldroyd Xv20 Green Xtra drainage layer filled with 10 mm dia gravel dripjoint
- polymer modified bitumen waterproofing of type SBS on 25 mm thick minimum screed to fall 1:100 45 mm thick concrete screed to fall 1:100 towards concrete balustrad
- 170 mm thick steel reinforced concrete floorslab





Fig.213: Detail 8, nie volgens skaal.

Detail 4

wall
NTS



- course 15 = 91 deg
- course 15 = 91 deg
- course 14 = 91 deg
- course 13 = 84 deg
- course 12 = 77 deg
- course 11 = 70 deg
- course 10 = 63 deg
- course 9 = 56 deg
- course 8 = 49 deg
- course 7 = 42 deg
- course 6 = 35 deg
- course 5 = 28 deg
- course 4 = 21 deg
- course 3 = 14 deg
- course 2 = 7 deg
- course 1 = 0 deg




- Galvanized steel roof anchor wire cast into concrete floor above and built 600 mm into masonry wall at 520 mm centres
- two columns of vertical header course of 222 x 106 x 73 hollow Corobrik red FBA clay brick, laid in class II mortar with flush vertical and horizontal joints and tied to stack pattern with welded mesh
- one brick in the vertical spiral course of 7 deg that will need to be cut 
- 222 x 106 x 73 solid plinth stretcher Corobrik Firelight Salth FBA clay brick, laid in class II mortar with flush vertical and horizontal joints
- galvanized steel rod cast into pre-cast concrete slab and tied to steel galvanized roof ties at the top
- welded mesh overlapping two bricks for every five courses
- 480 mm dia ceramic Bagnella washbowl without overflow with special WonderGloss surface finish
- Eclipse 2 hole wall mounted basin mixer tap (EC 2070) simple lever tap controls with 0.5 bar pressure control
- 260 x 450 x 75 mm pre-cast concrete slab built into masonry wall at the back
- 222 x 405 mm floor fixed to masonry with 10 x 18 mm two-part epoxy resin adhesive and fixed to masonry with 8 x 60 mm removable concrete bolt
- 50 mm thick Concrete screed finish raked to create a non-slip surface on top of a 45 mm thick mortar bed
- 45 mm thick screed to fall 1:100 towards concrete balustrade refer to detail 4
- 170 mm thick steel reinforced, cast-in-situ concrete floor with timber planks used as shuttering resting on two 260 x 90 hot rolled DN taper flange beams

Fig.214: Detail 4, nie volgens skaal.

Detail 5 chimney top 1:10



Detail 6 column footing 1:5



Detail 7 Access route section 1:20




Fig.215: Detail 5, 6 & 7,
nie volgens skaal.

Fig.216: Die ingang tot platform 1.



Fig.217: Die liniêre vorm van die gebou in die landskap

Fig.218: Regs bo, die uitsig na die ooste

Fig.219: Regs onder, die uitsig na die noorde.




Fig.220: Die drumpel in
die landskap




Fig.221: Die restaurant

Fig.222: Regs bo, die
oostelike fasade

Fig.223: Regs onder,
foto van die model.






Fig.224: Die platforms wat die hedendaagse funksie van die *Eastern Redoubt* uitstal.

Fig.225: Regs bo, foto van die model.

Fig.226: Regs onder, die braai areas aan die suidelike kant van die gebou







Fig.227: Die swembad area aan die publieke kant van die gebou



Bibliografie

- ACKERMAN, T. 2007. Brandism. In: Knox, B. (ed.) *A Look Away*. BK Publishing: Pretoria: 38–39.
- AMBASZ, E. 1976. *The Architecture of Luis Barragan*. The Museum of Modern Art: New York.
- BAAN, I. 2011. *Obscured Horizon*. [Online]. Available: http://iwan.com/photo_Obscured_Horizon_Joshua_Tree_Arata_Isozaki.php [Accessed 09 Augustus 2011].
- BAAN, I. 2011. *Ruta del Peregrino*. [Online]. Available: <http://www.archdaily.com/135507/lookout-point-espinoza-del-diablo-hhf-architects/> [Accessed 20 Junie 2011].
- BACK, J.E. 2005. *Engagement in Architecture: Phenomenological Criteria for Use in the Everyday*. [Online] Available: http://etd.ohiolink.edu/view.cgi?acc_num=ucin1113035460 [Accessed 3 March 2011].
- BAUMAN, Z. 1994. *Post-modern Ethics*. Oxford University Press: Blackwell.
- BENEDIKT, M. 1985. *For an Architecture of Reality*. Lumen Books: New York.
- BERRY, T. 1993. *The Viable Human*. In: Baird Callicott, J. & Zimmerman, M.E. et al.(eds.) *Environmental Philosophy: From Animal Rights to Radical Ecology*. Englewood Cliffs, N.J: Prentice Hall: 171–181.
- BREYTENBACH, B. 2009. *Notes from the Middle World*. Haymarket Books: Chicago.
- BROADBENT, G. 1969. *Meaning into Architecture*. In: Jencks, C. & Baird, G. (eds.) *Meaning in Architecture*. Barrie & Rockliff, The Cresset Press: London: 51–78.
- CARRUTHERS, V. 2000. *The Magaliesberg*. Protea Book House: Pretoria.
- CRONJE, U.J., KRITZINGER, M.S.B. & SCHOONEES, P.C. *Groot Woordeboek*. 11de ed. 1977. Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.
- COLOMINA, B. 2002. *Architectureproduction*. In: Rafterbury, K. (ed.) *This is Not Architecture*. Routledge: London: 207–221.
- COTTENGIM, C. 2009. 313 Berry St; *Presenting Architecture*. [Online] Available: http://etd.ohiolink.edu/view.cgi?acc_num=ucin1243008502 [Accessed 3 March 2011].
- FAKE Design. 2011. *Walk the Line*. [Online]. Available: <http://www.archdaily.com/10258/the-pilgrim-route-ruta-del-peregrino-mexico/> [Accessed 15 Junie 2011].
- FAT. 2002. *Everything counts in large amounts*. In: Rafterbury, K. (ed.) *This is Not Architecture*. Routledge: London: 244–251.
- FOURIE, M. 1996. *Westfort Renaissance*. M.Prof. Architecture. Thesis, Universiteit van Pretoria
- HARBISON, R. 1991. *The Built, the Unbuilt and the Unbuildable*. Thames and Hudson: London.
- ICOMOS, 1999. *International Cultural Tourism Charter, Managing Tourism at Places of Heritage Significance*. Adopted by ICOMOS at the 12th General Assembly in Mexico, October 1999. http://www.international.icomos.org/charters/tourism_e.pdf
- ISOZAKI, A. 2010. *Obscured Horizon*. In: Yukio, F. (ed.) *GA Houses 117*. A.D.A EDITA Tokyo Co: Tokyo: 60 – 67.
- KATZ, C. & Kirby, A. 1991. *In the Nature of Things: The Environmental Everyday Life*. *Transactions of the Institute of British Geographers, New Series*, 16(3): 259–271. [Online]. Available from Geography, JSTOR.
- LEATHERBORROW, D. 1999. *Leveling the Land*. In: Corner, J. (ed.) *Recovering Landscape*. Princeton Architectural Press: New York: 171–184.

LEE, E. 1985. *To The Bitter End*. Viking Penguin: New York.

LOW, L. 2007/08. Freedom Park, Phases 1 & Intermediate. In: Low, L. (ed.) *Digest of South African Architecture*. Picasso Headline: Cape Town: 20–23.

LYNDON, D. & MOORE, C.W. 1994. *Chambers for a Memory Palace*. The MIT Press: Cambridge.

MAREE, D.R. 1977. Bicycles in the Anglo Boer War of 1899–1902. *Military History Journal*, 4(1). [Online]. Available: <<http://www.samilitaryhistory.org/vol041dm.html>> [Accessed 4 Junie 2011].

MERCHANT, C. 1993. The Death of Nature. In: Baird Callicott, J. & Zimmerman, M.E. et al.(eds.) *Environmental Philosophy: From Animal Rights to Radical Ecology*. Englewood Cliffs, N.J: Prentice Hall: 268–281.

NORBERG-SCHULZ, C. 1996. The Phenomenon of Place. In: Nesbitt, K. (ed.) *Theorizing a new agenda for architecture: An anthology of architectural theory 1965 – 1995*. Princeton Architectural Press: New York: 412 – 428.

NORBERG-SCHULZ, C. 1969. Meaning in Architecture. In: Jencks, C. & Baird, G. (eds.) *Meaning in Architecture*. Barrie & Rockliff, The Cresset Press: London: 215–229.

OBERHOLSTER, J.J. 1972. *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*. Struik Beperk: Kaapstad.

OZONE SERVICES INDUSTRIES. 2011. *Biozone Nokak Sewage Purification*. [Online]. Ozone Services Industries. Available: <<http://www.ozonize.co.za/products/biozone-purifiers/brochures/biozone-nokak-pdf>> [Accessed 20 August 2011].

PETERS, W. 2003. The architecture of the blockhouses in the Anglo-Boer South African War, Part 2, 1899 – 1902. *Architecture South Africa*, July/August: 44–53.

PLOEGER, J. & H.J. BOTHA. 1968. *Die Fortifikasie van Pretoria, Fort Klapperkop – Gister en Vandag*. Die Staatsdrukker: Pretoria.

PORTER, T. 2004. *Archispeak*. Spon Press: New York.

PRETORIUS, F. 1998. *Die Anglo-Boereoorlog 1899–1902*. Struik Uitgewers: Pretoria.

RATTENBURY, K. 2002. The construction of theory. In: Ratterbury, K. (ed.) *This is Not Architecture*. Routledge: London: 205–206.

RECORD EAST, 25 Februarie 2005. n.d. [Online]. Available: < Ref <http://naturefriends.org.za/groenkloof/newspaper.htm>> [Accessed 14 April 2011].

ROSENBERG, A. 2011. Lookout Point Espinazo del Diablo. [Online]. Available: <Ref: <http://www.archdaily.com/135507/lookout-point-espinazo-del-diablo-hhf-architects/>> [Accessed 10 June 2011].

SAIEH, N. 2010. The pilgrim route Ruta-del-Peregrino. [Online]. Available: <<http://www.archdaily.com/10258/the-pilgrim-route-ruta-del-peregrino-mexico/>> [Accessed 10 June 2011].

SAIEH, N. 2011. Ruta del Peregrino Phase II Completed. [Online]. Available: <Ref: <http://www.archdaily.com/82174/ruta-del-peregrino-phase-i-completed>> [Accessed 13 June 2011].

SHEAT, W.G. 1983. *Die A – Z van tuinmaak in Suid-Afrika*. Struik Uitgewers: Kaapstad.

THERON, D. 2006. People were living here. *Architecture South Africa*, March/April: 59.

TSWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY. The Office of the Municipal Manager. 2004. *The City of Tswane, a pictorial journey*. Pretoria: Masisi Promotions.

TYNG, A. 1984. *Beginnings: Louis I. Kahn's philosophy of architecture*. John Wiley & Sons: New York.

VAN DER WESTUIZEN, R. 2009. *A public bathhouse*. [Online] Available: <<http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-12072009-133644/>> [Accessed 3 March 2011].

VAN VOLLENHOVEN, A.C. 1995. *Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902*. Heinekor: Pretoria.

VILJOEN, C. 2010. *Architecture in Ruins*. M.Prof. Architecture. Thesis, University of Pretoria.

WELLS, M. 1981. *Gentile Architecture*. McGraw-Hill: New York.

YOSHIO, F. 2010. *Obscured Horizon*. In: Yoshio, F. (ed.) *GA Houses*. A.D.A EDITA Tokyo Co: Tokyo: 60 - 67.

ZELLNER, P. 2011. *Between Heaven and Earth*. In: Grima, J. (ed.) *Domus*. [Online]. Available: <<http://www.domusweb.it/en/architecture/between-heaven-and-earth/>> [Accessed 09 Augustus 2011].

In accordance with Regulation 4(e) of the General Regulations (G.57) for dissertations and theses, I declare that this thesis, which I hereby submit for the degree Master of Architecture (Professional) at the University of Pretoria, is my own work and has not previously been submitted by me for a degree at this or any other tertiary institution.

I further state that no part of my thesis has already been, or is currently being, submitted for any such degree, diploma or other qualification.

I further declare that this thesis is substantially my own work. Where reference is made to the works of others, the extent to which that work has been used is indicated and fully acknowledged in the text and list of references.

The dissertation is 13 373 words long (excluding the scanned items).

Petri van Wyk

Dankie aan almal wat die jaar vir my moontlik gemaak het.